

28 FEBRUARIE 2021

# TORINGKERK



*nuus*



**KOM TUIS**

**ONS EREDIENSTE IS AANLYN!**



***Ons erediens is vir hierdie week nog slegs aanlyn. Vanaf volgende week, 7 Maart, maak ons weer die kerkdeure oop!***

Eredienste word reeds vroeg Sondagoggend opgelaaai op ons Youtube kanaal ('Toringkerk Aanlyn'). Ons stuur dan ook die skakel na hierdie diens na jou selfoon vanaf die Toringkerk selfoon.

Stuur 'n Whatsapp na die Toringkerk selfoon (084 621 2094) of stuur 'n epos aan Jana (jana@toringkerk.co.za) indien jy nie hierdie weeklikse inligting per epos of Whatsapp ontvang nie.nie.

# PROGRAM VAN DIE WEEK

## **SONDAG: 28/02**

**09:00** Aanlyn erediens –  
Gaan Groot Week 5 (Youtube)

## **DINSDAG: 02/03**

**08:30** Spanvergadering  
**19:00** GIM (Huis Kalahari Visser)

## **WOENSDAG 03/03**

**06:00** Kinder Padkos (Stemboodskap)  
**06:00** Tiener Padkos (Stemboodskap)  
**18:30** Gemeente Kleingroep - Gaan Groot, Week 5 (Zoom)

## **VRYDAG 05/03**

**06:00** Mannegroep (Konsistorie)

## **SONDAG 07/03**

**09:00** Erediens - Poppekas (Toringkerk gebou)

## **5 WEKE REEKS - ONS GAAN GROOT!**

Ons is tans besig met die reeks: Gaan Groot! Om 'n groot, diep, sinvolle lewe te leef saam met God en ander mense. Ons nooi jou uit om saam met ons die erediens aanlyn by te woon. Elke Woensdag is daar dan ook 'n gemeente kleingroep op ZOOM, om 18h:30.



# GAAN GROOT

(GROTER, GROOTSTE)

**WEEK 5**

**U IS ALLES  
28 FEBRUARIE 2021**







# Dagboek

## DIE DATUM



17  
FEB.

ASWOENSDAG  
Stilworddiens, 18:30 in  
die kerkgebou



7  
MRT.

POPPEKAS  
Die diere van Moeggeploeg  
plaas kom kuier weer  
gedurende die erediens!



28  
MRT.

PALMSONDAG  
Begin van Lydenstydperk



28  
MRT.

BELYDENIS  
AFLEGGING  
Groep van 2020

Hou die afkondigings en sosiale media dop vir meer inligting.  
**BID . SIEN . DEEL**

# hey JONGSPAN!



## POPPEKAS!

Volgende Sondag hou ons weer Poppekas! Jy (en jou masker) is baie welkom om sommer in die kerk te kom kyk!

As jy vir een van die diere dalk 'n briefie wil skryf, is julle welkom om dit by die kerkkantoor af te laai of vir Janneke te epos ([janneke@toringkerk.co.za](mailto:janneke@toringkerk.co.za))

## KRUISCONNECT - RECONNECT!

Ons begin weer met KruisConnect, op Sondag 7 Maart, in die kerktuin na die erediens! Bring vir jou 'n piekniekkombers om op te sit, jou Bybel en jou lekker menswees!

*Kontak gerus vir Janneke vir meer inligting.*



## BELYDENIS 2021

Ons begin met belydenisgesprekke Dinsdag 13 April 2021. Vul asb die google vorm in om in te skryf of kontak vir Jana sodat jy op die whatsapp groep gesit kan word. Sien uit om saam te reis hierdie jaar. Die Belydenisaflegging sal vroeg 2022 plaasvind.

*Kontak gerus vir Jana vir meer ingligting.*



## PADKOS!

Elke Woensdag kry die kinderkleingroepe 'n KinderPADKOS stembodskap, wat as voorbereiding dien vir die Sondag se kindermoment en aktiwiteite.

KruisConnect ontvang ook elke Woensdag 'n TienerPADKOS stembodskap. Ons moedig jou aan om dit saam met jou kind te luister en die gespreksvrae saam te bespreek.

*Kontak gerus vir Janneke indien jy nie hierdie boodskappe ontvang nie!*






# TORINGKERK *verjaarsdae*

28/02 Thea Carstens	03/03 Pieter de Vries
28/02 Piet Muller	03/03 Dirkie Kotze
28/02 Synthia Nieuwendyk	03/03 Kevin Olsen
28/02 Janetta Smit	04/03 Marie Burger
29/02 Lizet Kriegler	04/03 Corlia Du Toit
29/02 Willemien Oosthuizen	04/03 Alice Struwig
01/03 Theron Cornelissen	04/03 Bernard Van Niekerk
01/03 Marietjie Mostert	05/03 Chris-Maré Agenbag
02/03 Ané Du Plessis	05/03 Kalla Basson
02/03 Nicholas Hanse	05/03 SJ Cloete
02/03 Niel Pretorius	05/03 Elmien Jacobs
02/03 Barry Savage	05/03 Lizél Koopman
02/03 Sumari Struwig	06/03 (8) Elanie Cronje
03/03 Derek Bollmann	06/03 Werner Horne
03/03 Retha Brand	06/03 Wikus Muller



**Are you interested in hosting a blood drive at your work, school or community?**

Contact us on 021 507 6300 or send an email to [info@wcbs.org.za](mailto:info@wcbs.org.za) to find out more.



**PLEASE DONATE  
O-, B+, B-  
BLOOD**

 **Western Cape Blood Service**  
Do something remarkable

Download the WCBS App  
[www.wcbs.org.za](http://www.wcbs.org.za)



**KERKBODE**  
[www.kerkbode.co.za](http://www.kerkbode.co.za)  
Beskikbaar by jou kerkkantoor

**KERKBODE**  
Vlamme, puin, hoop ...

**KERKBODE**  
Kerkbode op 170: Statig en hup

**KERKBODE**  
s pappa in die

**WERKLIK KERKLIK  
GEDRUK EN DIGITAAL**

# DIEP & VER

KOSVOORSIENING AAN 48 GESINNE

HOE KAN JY BETROKKE RAAK?

## OPSIE 1

JY KAN KOS ITEMS AANKOOP EN DIT BY DIE KANTOOR KOM AFGEE.



'CANNED FISH'  
'SOYA MINCE'  
'PEAS/LENTILS'  
'BAKED BEANS'  
'MAIZE MEAL'  
MEEL  
MELK (LANG LEWE)  
OLIE  
'PEANUT BUTTER'  
'CANNED MIXED  
VEG'  
'YEAST'  
RYS



KEN JY DALK IEMAND  
MET VRUGTE, GROENTE,  
VLEIS OF ENIGE ANDER  
PRODUKTE BY WIE ONS IN  
'BULK' KAN AANKOOP  
TEEN KOSPRYS?

LAAT WEET ASB!

## OPSIE 2

JY KAN 'N FINANSIELE BYDRAE MAAK.  
BETAAL DIREK IN DIE KERK SE REKENING  
IN MET DIE VERWYSING: "DIEP & VER"

## OPSIE 3

JY KAN OP 'N MAANDELIKSE BASIS KOM  
HELP KOSPAKKIES PAK. KONTAK VIR  
JANNEKE.

## OPSIE 4

JY KAN SAAM MET ONS BID VIR DIE  
GESINNE WAT HIERDIE KOSPAKKIES  
ONTVANG.



#EKWILEKKANESKAL

# EK HET SAAMGESKRYF

Woon die aanlyn boekbekendstelling saam met my by



Saterdag 6 Maart | 14:00 - 17:00 | Early bird: R49 R74

## GELUK ANNELIE!

*Annelie het verlede week verjaar! Indien jy al 'n draai by die kerkkantoor gemaak het, sal jy weet dat Annelie altyd vir jou groet met die grootste glimlag. Sy is altyd gereed om te luister, te gesels en te help. Haar hart is groot en laat baie mense binne. Ons is baie dankbaar om haar deel te hê van ons familie. Annelie, ons vier jou mooi hart vir mense en jou deeglike werk wat ons almal op ons tone hou. Ons is baie lief vir jou!*



# GESONDE GEDAGTES

DEUR JEANNE GOOSEN



## LET IT BE

Gedig - Gepubliseer in Die Rapport

Ek sit op die stoep. Die aand kom af  
Die driepootbrak huppel huiswaarts  
Christus kom sit aan met sy vuil voete  
en geblowavede hare  
Hy breek die brood. Ek is moeg, sê hy  
en ek bring vir hom 'n skottel water vir sy voete  
Hy skop sy sloffies eenkant  
Niks is meer heilig nie, sê hy  
Hulle ploeg nou atoomafval in my woestyn  
Let it be, sê ek. Let it be en ek skink sy glas vol wyn  
Sorry, sê ek, maar Tassenberg is al wat ek het  
By the way, jy's reg niks is meer heilig nie en dit maak my sad  
Hoe voel jy, vra die meester. Hoe voel jy regtig?  
Ek lag. Wil jy regtig weet  
Praat met my, sê hy. Hoe voel jy regtig?  
Wat kan ek tog sê? Alles is in sy maai  
Dit help nie om 'n woord daaroor te tjank nie  
laat staan nog bid. Ek meen  
my broer se as is in 'n fles somewhere in Stikland  
hy stamel sonder klinkers maar ek kop wat hy probeer sê  
Let it be, sê die meester. Let it be al huil jy bloed  
Die oordeelsdag kom ook en my pa slaap nie  
Ek kop, sê ek. Ek kop alles  
maar soms verlang ek na die ou dinge  
soos die mooi droewe woorde van jou daddy  
Goed soos regverdigheid en ewigheid en geluk  
Ja, sê die meester, dis 'n lang wag maar hy sal sy woord hou  
Ek maak ons glase weer vol  
Sorry weer 'n keer, maar Tassenberg is al wat ek het  
en waar dit vandaan kom is daar nog baie  
so moenie skaam wees nie  
Cheers



# GESONDE GEDAGTES

DEUR JEANNE GOOSEN



Daar's baie dinge waaroor 'n mens jou kan verheug, sê die messias  
maar los dit vir eers  
Sit daar vir ons 'n song op, vra hy  
Ek doen  
Somewhere over the rainbow sing Judy Garland  
Ek breek 'n stuk brood en voer die meester  
'n Mens moet eet ook, sê ek  
and that is no bloody maybe  
Soms is ek bang vir jou ou dad, sê ek  
hy stuur reën maar ook goed soos droogte wat diere laat vrek  
Let it be, let it be, sê die messias  
Eintlik verdien aardlinge niks. Maar daar is goeie goed ook  
Vat nou vir Judy Garland, sy's tog meer as reën of droogte  
Selfs een soos daai ou Patience Strong  
wat sy soms tussen die lyne kwytraak  
Many a true word is spoken in jest  
Maar dis julle klomp, julle wat niks met rus kan laat nie  
wat van die wêreld so omgekrapte onheilige plek maak  
Dis julle, you must let things be, you must let it be, let  
it be!  
Dis net, sê die meester, dis net ...  
Ag, nou weet ek ook nie meer wat ek wou sê nie  
Is daar nog Tassies?



## PLEEGOUERS DRINGEND BENODIG!

*Die ACVV (Noorder Paarl, Gim Straat) is tans baie dringend opsoek na veiligheidsouers of ouers wat as plek van veiligheid kan dien vir 'n kleuter dogtertjie.*

*Indien jy meer inligting benodig of weet van iemand wat sou kon help, kontak gerus vir Janneke.*


*Of kontak die ACVV kantore direk - 021 872 3487*



28 FEBRUARIE 2021

# TORINGKERK

*nuus*



## BID | SIEN | DEEL

OFFERGAWES, MAANDELIKSE BYDRAE EN TIENDES:



OFFERGAWES, MAANDELIKSE  
BYDRAE EN TIENDES:

TORINGKERK  
ABSA  
TAKKODE: 632 005  
REK NR: 400 590 176

TORINGKERK ZAPPER



## MAAK KONTAK MET ONS

AS JY MET 'N LERAAR WIL GESELS, KONTAK ONS GERUS.

### LERAARS

Jana van den Munckhof | 083 948 4233 | jana@toringkerk.co.za

Ryno Els | 083 610 1641 | ryno@toringkerk.co.za

### JEUG/MAATSKAPLIK

Janneke Marais | 082 831 6165 | janneke@toringkerk.co.za

### KANTOOR

Annelie Koegelenberg | 021 872 6730 | info@toringkerk.co.za

### ORRELIS

Mario Nell | 082 852 4536 | marionell2@gmail.com

### KOSTER

Neels Visser | 082 740 7353 | neels@toringkerk.co.za

### TENTMAKER

Dawfre Theron | 082 899 3959 | dawfre@fhbc.co.za